

# STERRELIJG

Nuusblad van Negester Klein-Kariba  
Jaargang 5 No. 1 Januarie 2023

## Tong in die kies...

Twee baie ernstig siek mans deel h hospitaalkamer. In die hospitaalkamer was een venster om na buite te kyk. Die een man, minder siek, was toegelaat om vir een uur per dag regop te sit in sy bed. Hy was dan ook die gelukkige pasiënt om by die venster uit te kan sien.

Dan het hy vir sy "kamermaat" wat plat moes lê, die gebeure wat hy kon sien, beskryf.

Hy het gesê: "Ai, ons venster kyk uit oor 'n park!" Hy beskryf dan in volle detail die pragtige park, ook al die gebeure/aktiwiteite wat hy daar sien.

Die lêende kamermaat het met volle aandag geluister na die wonder-vertellings van die sittende man. Hierdie word toe 'n daaglikse instelling wat beide mans, nie net geniet nie, maar emosioneel opbeur. Beide was weer lus vir "gesond word" en gelukkig lewe.

Die lêende man wou natuurlik ook graag self deur die venster kyk en die lewe buite die hospitaalkamermure eerstehands beleef.

Een nag, sonder dat die sisters geroep word, sterf die "sittende" man. Nou vra die oorblywende pasiënt om in daardie bed te lê, wat hom in staat sal stel om na buite te kyk.

So gesê, so gedaan. Stadig druk hy homself op teen die kussings... amper reg ... Hy kyk uit ... op 'n spierwit muur!

Hier kan ons dink aan George Eliot se woorde: "My vreugde lê in die vreugde wat ek my naaste kan gee."

Gusta



**Wat sien jy  
deur jou  
venster??**

## UIT DIE HEV KANTOOR

Januarie 2023

Namens die direksie wil ons vir al die Negester inwoners 'n baie voorspoedige 2023 toewens. Ons hoop dat die jaar wat voorlê net die beste vir julle almal sal inhoud.

Die direksie het die volgende komitees aangestel en sal nou met die komitees saamwerk.

Finansiëlekomitee:	Voorsitter – Chris Schoeman
	Direksie lid – Johan van Heerden
Nood- en Sekuriteitskomitee:	Voorsitter – Ben Meyer
	Direksielid – Chris Heyman
Gesondheidsorgkomitee:	Voorsitter – Annetjie Moore
	Direksie – tans alle Direksie lede
Omgewingskomitee:	Voorsitter – Andre Greyling
	Direksielid – Johan van Heerden



Daar sal h direksielid dien op elke komitee en sodende kan direk terugvoer gegee word aan die direksie asook vanaf die direksie terug na die komitee. Die komitees is vir die direksie 'n baie belangrike uitbreiding

aangesien hulle waardevolle inligting verskaf en leiding kan gee in besluitneming aangaande sake rakende Negester.

Ons wens ook die komitees voorspoed toe vir hul werksaamhede en projekte en bedank almal wat bereid is om op die komitees te dien en hulle insette op so 'n manier te lewer.

Vriendelike Groete

HEV Direksie



## Boererate



### Miere:

Sit 'n piering met asyn so eenkant op die stoof neer.

Kry die plek waar die miere inkom en bestrooi die area met tafelsout.

### LAG 'N SLAG



#### Muisjagter:

Kosie: "Die muis het in die melkemmer geväl!"

Ouma: "Wat het jy toe gedoen?"

Kosie: "Ek het die muisvalletjie ingegooit!"

Om te adverteer in Sterrelig:  
E-pos vir Nellie Buitendag:  
[goempieb@gmail.com](mailto:goempieb@gmail.com)



Enige bydraes vir Sterrelig kan ge-e-pos word aan:  
[sterrelig9ster@gmail.com](mailto:sterrelig9ster@gmail.com)

**Smart Vision Solar**

Groothandelaar  
en  
Installeerders  
van

**PV Sonkrag Stelsels**

Kontak  
Willy 078 364 1416

## NOU...

nou toe

### Afrikaanse spreuke en uitdrukkings:

Daar is 'n dief aan die kers.

#### Betekenis:

**Afrikaans:** Die kers drup.

**Engels:** Wax is dripping from the candle.




# **-Sekuriteit-**

## **SUN TZU SE LESSE VIR VEILIGHEID**

Ons gaan in 'n reeks van 5 artikels kortliks kyk na die "Lesse" vir beveiliging en hoe ons dit hier op Negester tot ons eie voordeel en verbeterde sekuriteit kan toepas.

### **Agtergrond:**

Sun Tzu was 'n antieke Chinese generaal en beroemde militêre strateeg wie se beginsels vir oorlogvoering al vir eeue gebruik en misbruik word. Sy legendariese boek *Die kuns van Oorlog* verskaf belangrike lesse vir beveiliging en sekuriteit. Hoewel hierdie werk waarskynlik al 500 jaar vóór Christus geskryf is, word sy reëls van oorlogvoering vandag nog wêreldwyd deur besighede, militêre en polisie-akademici geleer.



Sun Tzu se beginsels van oorlogvoering is baie goed van toepassing vir ons landgoed se beveiliging.

### **Les 1: Voorkoming is beter as oorwinning**

#### **Sun Tzu:**

*Die voorkoming van geweld en die bedwinging van die vyand is baie beter as om 'n geveg te wen."*

*Veiligheid is 'n saak van lewe en dood, en die inwin van kennis hieroor mag nie verwaarloos word nie."*

#### **Toepassing:**

Misdaadvoorkoming moet die voorkeurstrategie wees.

Die eerste stap na veiligheid behoort te wees om te besef dat ons voortdurend blootgestel is aan potensiële kriminele elemente met oneerlike bedoelings.

Ons mense kan nie leef asof ons geïsoleer is van kriminele elemente nie (of ons in Negester bly of buite die landgoed beweeg.)

Weerbaarheid bly die enigste teenvoeter vir weerloosheid. Hulpeloosheid lok ongewenste elemente en laat ons kwesbaar.

Misdaad kan deur afskrikking voorkom word.

Afskrikking behels sigbare voorsorgmaatreëls:

Geëlektrifiseerde heinings, beligting, behoorlike toegangsbeheer,

Stel van voorgeskrewe procedures:

Toegangsbeheer, beheer van gemagtigde persone, uithou van ongemagtigde persone, interne reëls vir huiseienaars.

Beheer en bestuur:

Doeltreffende monitering van stelsels, evaluering en meting van nakoming en beheer en bestuur van bogenoemde, beïnvloed die vlak van paraatheid en die nodigheid van opleiding m.b.t. noodoptrede en reaksie in geval van misdaad of noodtoestand.

Koördinering en skakeling:

Met bure, plaaslike organisasies (bv. buurtwag) enregsplegingsagentskappe is ook van kardinale belang as voorkomingsmaatreëls.

Hierdie situasie is nie uniek aan Negester, of net tot ons omgewing of tot Suid Afrika beperk nie.

Die Israeliese militaris Martin van Creveld sê dat state wêreldwyd nie meer in staat is om hulle burgers te beskerm nie en dat mense by hulle eie veiligheid betrokke moet raak.

Slotsom:

### **Voorksorg is beter as nasorg**

Volgende maand kyk ons na die tweede beginsel: **Wen deur weerbaarheid**

Nood- en Sekuriteitskomitee,

# DIE EERSTE AGT INTREKKERS HOU REÜNIE.....

Op 16 Januarie 2023 het die eerste agt pare intrekkers bymekaar gekom om toue op te tel van hulle ervarings sedert hulle hul intrek geneem het hier op Negester. Elke huis het iets te drink en 'n bordjie eetgoed saamgebring en is die okkasie nogal luidrugtig gevier op die Klubaal se stoep. Gelukkig het Ellis en Lida van der Merwe kom afkoel in die swembad en kon hulle vir ons 'n paar foto's neem.

Behalwe vir Flip en Tessa Snyders (nr. 6) wat al reeds in 2015 eerste burgerskap verwerf het, het die res van ons gedurende 2016 ingetrek en in die volgende volgorde:

2de = Chris en Marietjie Rademan nr. 20  
3de = Sarel en Annatjie Moore nr. 379  
4de = Roelf en Mary-Ann Venter nr. 384  
5de = Norman en Annatjie Bibbey nr. 372

6de = Jan en Trudie de Beer nr. 3  
7de = Arrie en Evelyn Schreiber nr. 395  
8ste = Piet en Wilna Pieterse nr. 353

Almal se ervarings het soms gepaard gegaan met armdruk en frustrasie, maar almal is dit eens dat ons in die besonder geseënd is om op 'n plek soos Negester te kan bly en woon saam met 'n wonderlike klomp mense.

Die volgende foto is by die Bibbeys in 2016 aan huis geneem toe almal daar bymekaar gekom het vir 'n bring-en-braai:

V.l.n.r.: Norman en Annatjie Bibbey, Sarel en Annatjie Moore, Flip en Tessa Snyders, Jan en Trudie de Beer, Marius en Suzette Britz (M&S), Roelf en Mary-Ann Venter, Arrie en Evelyn Schreiber, Piet en Wilna Pieters, agter en voor Marietjie en Chris Rademan. Voor op die vloer: Ruben Britz, Marius en Suzette se seun en Adri Burdixon (1ste Landgoedbestuurder)



Sedertdien is Annatjie Bibbey oorlede en Sarel Moore is verskuif na Rusoord. Flip en Tessa het ook verhuis na Bela-Bela.

Die jare het ook maar sy tol geëis, maar met die genade van Bo is almal nog betreklik gesond. Sien die foto soos geneem op 16 Januarie 2023:

... en toe is daar gekuier en geklets en ook terstond besluit dat dié bymekaarkoms twee keer per jaar sal plaasvind.



'n GROOT voorreg inderdaad!!

Arrie

# **OPGRADERING VAN PAAIE IN DIE OMGEWING**

## **(kortlik 'n brokkie inligting)**

Tydens 'n opedagvergadering op 14 Oktober 2022, oor die grootskaalse opgradering van paaie in die Bela-Bela en Modimole omgewing, het die Suid Afrikaanse Padagentskap (SANRAL) die volgende inligting bekend gemaak:

Die werke begin vroeg in 2023 (Januarie) en die beoogde voltooiing is 2025. Die geraamde koste vir die opgradering van die pad tussen Bela-Bela en Modimole is R600 miljoen.

Die projek sluit in die opgradering van die R516 pad vanaf die Thabazimbi munisipale grens (Tooyspruit) tot in Bela-Bela, die R101-pad van Bela-Bela na Modimole, die R520 vanaf die Lephala-grens na die R33 padkruising in Vaalwater; en die R33-pad vanaf Modimole na die Lephala grenslyn.

Die groter opgraderingswerk tussen Bela-Bela en Modimole sal ongeveer twee jaar neem om afgehandel te word. Drie skerp teerpadkurwes sal aansienlik verander word.

Nellie



## **'n Boodskap uit die landgoedkantoor**



En so begin ons 'n nuwe jaar ... die normaliteit keer stadig terug met die skole wat weer heropen het, kontrakteurs wat weer werk en almal wat weer op hulle poste is.

Ons het alle werksaamhede hervat en die span is uiter besig. Die gras op die landgoed het nie gedeel in die vakansieluim nie en het welig gegroeи, maar gelukkig is meeste al onder beheer en daarmee saam het ons ook weer begin om lantanas te bespuit. Al die teerpaale en geplaveide areas is ook gespuit vir gras en bossies.

In Desember het ons die area rondom die swembad klaar vergroot sodat die hele gras area nou deel uitmaak van die swembad-area. Dit het baie goeie byval gevind en was goed benut gedurende die vakansie.

Ons was werklik geseënd gedurende die afgelope vakansietydperk en geen noodgevalle is aangemeld nie. Die veiligheidssisteme het baie goed gewerk; en hier ook 'n baie spesiale dankie aan die nood- en sekuriteitskomiteelede wat deurlopend diens gedoen het en 'n ogie gehou het dat alles goed verloop.

Ons het ongelukkig in Januarie bietjie probleme ondervind met die pype en het 6 waterlekke gehad om te herstel, meestal in die onderste deel van ons landgoed. Hiermee saam wil ek almal egter verseker dat dié probleem aandag geniet. Ons het vir meer as 'n maand drukmeters op gehad wat konstant terugvoer gegee het via simkaart. Die drukking is bepaal op 'n 24 uur basis en met die inligting is voorstelle sowel as kwotasies alreeds ontvang om die drukprobleem in die onderste helfte van die oord aan te spreek.

Na die reën het van die staproetes ook deurgeloop en is ons ook besig om kontoere te vestig om die watervloei te beheer. Dankie ook aan die OBG-lede vir hul insette in hierdie verband.

Ons sien uit na 'n besige 2023 met nuwe uitdagings, ontwikkelings en 'n werklike begeerte om ons landgoed die beste blyplek te maak!

Onthou: As jy moeg word, leer om te rus en nie om op te gee nie.

Vriendelike groete.

*Dawie van Niekerk (Landgoedbestuurder)*

## Pilates

Hierdie foto is geneem tydens ons jaareindfunksie van 2022. Dit was 'n jaar propvol heerlike oefensessies. Pilates oefeninge begin weer op Dinsdag 17 Januarie en ons nooi alle belangstellendes om saam te kom oefen. Ons oefen elke Dinsdag en Vrydag 08:00 in die saal.

Groete

Trish.



Pilates afsluiting: Desember 2022

## Markdag: Teetuin

Stap jy op Markdag by die Klubhuis in, begroet 'n oulike, kleurvolle teetuin jou! Jy lees:



Die Redaksie van Sterrelig (Negester se eie Nuusbrief) beman, nee, "bevrou" die teetuin. Gelukkig was daar ook helpende hande van nie-redaksielede. Baie dankie aan ons flukse dames. Afrikaanse idiome het deel uitgemaak van die vrolike tafelversierings. Jy kon selfs 'n koerant sit en lees wat daar beskikbaar was ...

Die heerlikste koeksisters is bedien saam met jou self-help koffie of tee!

Ai, aangename kuiergroepies het die teetuin met lag en gesels gevul!



Dit bly altyd lekker om ná 'n suksesvolle aktiwiteit terugvoer te gee en te sê:

"Kom ons doen dit weer!"

~Gusta (Redaksielid)~

## NOODNOMMERS

<b>Ambulansdiens Life 24</b>	<b>082 040 5003</b>
<b>Brandweer</b>	<b>014 736 8000</b>
<b>Polisiediens</b>	<b>014 736 9760/1</b>
<b>Stasiebevelvoerder</b>	<b>082 565 8512</b>
<b>Siqbare polisiëring</b>	<b>082 414 2704</b>
<b>Speurtakhoof</b>	<b>082 319 9336</b>
<b>HD Elektries (Dirk)</b>	<b>083 660 0319</b>
<b>Loodgieter (Eric)</b>	<b>083 281 7789</b>
<b>Smart Vision Solar (Willy)</b>	<b>078 364 1416</b>
<b>Suster Delia</b>	<b>082 494 2717</b>
<b>Landgoedbestuurder (Dawie)</b>	<b>071 734 3618</b>
<b>Hospitale</b>	
<b>Provinsiale hospitaal</b>	<b>014 736 7300</b>

# SORGSENTRUM

## KOM ONS STAP IN 2023 'N TWEEDE MYL SAAM MET ONSSELF

Wat 'n wonderlike ervaring om vroeg soggens in die natuur hier in Negester te kan stap. Om die sonsopkoms, ongelooflik mooi, te aanskou en ook die Vader se skepping deur Sy bril te sien. Meer nog ... ontmoet mede-inwoners wat dieselfde passie vir die mooiheid van die lewe deel. Stap-stap sien jy hulle om elke draai. Die tweede myl is die aanvaarding van 'n gesonde "jy". Dus, bly aan die beweeg en stap!



### Elke aksie het 'n reaksie!

My ouma het altyd opgewonde vir die Comrades-atlete geskree: "Laat jou hakke raas, sussie! Die Comrades gaan nie homself hardloop nie!" Vandag dink ek terug daarvan en besef hoe belangrik beweging is. Ten einde jou stap-doelwitte te bereik, moet jy gereeld stap; dit is deel van 'n gesonde leefstyl. Miskien kan of wil jy nie die Comrades hardloop/stap nie, maar pák jou lewenspad met dieselfde doelgerigtheid en ywerigheid aan soos die atleet wat die Comrades hardloop!

### Hoe maak jy as ouer persoon jou persoonlike Comrades klaar? – "Laat jou hakke raas, sussie en boetie!"

Om iewers te kom, moet jy beweeg, en met die beweging moet jy besluite neem – ek wil in hierdie rigting beweeg, ek wil eers stop, ek wil links beweeg, ek wilregs beweeg, ensovoorts. Beweging bevorder ons denke en dit bring ons weer in kontak met ons ware emosies.

Dit skep positiewe gedagtes, en dit gee ons 'n positiewe uitkyk wat ons in staat stel om situasies ten volle te beleef, soos wanneer ons met ons vriende en geliefdes sosialiseer.

Ons maak die keuse om te beweeg, eerder as om in te gee en kromspiergeheue te vorm. Beweging hou die spiergeheue fiks, wat ons help om regop te loop. Dit is belangrik om regop te loop, met jou kop opgelig en maagspiere ingetrok; dit wys dat jy die lewe met selfvertroue aanpak en elke oomblik met ope arms aangryp!

### Beweeg deur die dag, en laat die dokter wag!

Hou jou bloeddruk- en cholesterolvlakke laag deur elke dag te beweeg. Dit help jou spysverteringstelsel om optimaal te funksioneer en gee jou algehele gesondheid 'n hupstoot.

### Lag uit jou maag uit, en lag totdat jy huil!

Wanneer laas het jy uit jou maag uit gelag? Sit 'n oomblik en dink of jy dit moeilik vind om deesdae te lag. Beweging is selfs 'n kuur hiervoor. Om te lag beweeg jy jou gesigspiere en stel jy twee goedvoelhormone – dopamien en serotonien – in jou liggaam vry. Lag laat jou dus goed voel en bring so selfvertroue mee wat jou kan motiveer om meer sosiaal te wees.

Hou dus aan om op alle moontlike maniere te beweeg. Neem vandag die besluit om jou Comrades-lewenspad ten volle te hardloop/stap, deur 'n kwaliteit lewe na te streef. Wanneer jy op hierdie lewenspad moeg word, dink positief en sê vir jouself: "Ek moet beweeg soos die natuur" om my. *Die aangepaste artikel is in die Solidariteit Tydskrif gepubliseer onder die titel "Die geheim tot aktiewe Veroudering" – Charmanay Schoeman.*

### 'n RUSBANKIE VOOR DIE SORGSENTRUM

Onthou julle nog die liedjie van Min Shaw: "As ek moeg word vir die lewe in die stad, lok my die wandelpad...?" Nou ja as ons dan stap en halfpad wil asemksep, kom sit en rus 'n bietjie op die bankie, dit is die "half-way" merk. Laat ons die hakke hoor in 2023.

### GESONDHEIDSORG AKTIWITEITE IN 2023

Ons het 'n propvol agenda vir die jaar (ja ook ons eie stap-marathon).

Ons gaan voort met al die kliniekdienste, groepwerk en inligtingsessies wat by die Wêreld Gesondheidsorg se Agenda vir gesondheid aansluit. Meer inligting hieroor sal mettertyd bekend gemaak word.

Gesondheidsorg groete

Annetjie Moore

## STOKPERDJIES

Coenie Louw



Ek het my stokperdjie, om te probeer gholf speel, op ouderdom 55 begin beoefen.

Dit het so gebeur: Ek en Reney het 'n aptekerskonferensie in Februarie 2000 te Witrivier Ghoflandgoed bygewoon. Die Saterdagoggend kon almal deelneem aan gholf, rolbal of tennis. Aangesien nie ek of Reney ons name met 'n plank wou slaan nie, het ons die "scenic route" gekies en by die stalletjies gaan "shop". Die aand met die prysuitdeling en ete moes ek maar net toekyk hoe almal prys kry, al het hulle ook hoe swak gespeel. Met die terugkeer die Sondagmiddag het Reney die opmerking gemaak dat ek moet oorweeg om 'n stokperdjie te begin beoefen - met aftrede in gedagte - en gholf kan 'n goeie opsie wees.

Kort na ons tuiskoms het ek sommer dadelik vir my 'n nr. sewe 7 aangeskaf en afsprake gereël met 'n professionele afrigter vir so 8 lesse oor 'n 6 weke tydperk.

Na die 6 weke was ek baie positief en het sommer gou daarna 'n uitnodiging na 'n farmaseutiese maatskappy se ghofdag aanvaar. Ek het 'n goedkoop Spalding gholfstel aangeskaf by Dions in Florida, en nou was ek reg vir die ding.

Die ghofdag was gehou by Dainfern ghoflandgoed, en moes ek agterna uitvind dit was nie huis vir beginners bedoel nie ... ek het sommer vinnig teruggekom aarde toe.

Om op 'n regte ghofbaan te speel is baie anders as om balle op die dryfbaan te slaan en op oefensemperke te "putt".

Met die prysuitdeling was daar darem vir my ook 'n prysie vir die meeste gholf gespeel, die langste dag en 'n skoffelvurkie en grafie, menende ek moet my liewers op tuinwerk toespits. Ek het my egter nie daaraan gesteur of daardeur laat onderkry nie. Ek het by Randfontein ghofklub aangesluit, nog 'n paar lesse geneem, en toe op 'n meer gereelde basis gholf gespeel en so 'n gevoel vir die spel ontwikkel. Ek haal Gary Player aan: "the more you play, the luckier you get".

Ek het toe aan ghofertoernooie begin deelneem, wat meegebring het dat ek van die beste en mooiste bane gespeel het: al die bane op die Natalse Suidkus en van die bane op die Noordkus, Oos Kaap, en veral George, die Links by Fancourt en ook Fancourt se bane, asook van die mooiste bane in die Wes-Kaap. Elke nuwe baan is vir my 'n uitdaging, 'n ondervinding om te geniet, al gaan dit partydae maar sukkelsukkel ... een dag is dit jackpot, die volgende dag "peepot".

Sedert my aftrede op ouderdom 72 kon ek my meer toespits op die spel, en ek geniet elke oomblik daarvan. Ek het by die "senior gholfers" van KORO CREEK ghoflandgoed aangesluit en speel gereeld Dinsdae en Donderdae, en partykeer ook Saterdae. Ek is ook lid van SAGES Waterberg en speel dan een keer per maand by een van die ander bane saam met lede van Sages van ander areas in die Waterbergstreek. Ek was baie gelukkig om laas jaar onder die top 12 gekies te wees om SAGES WATERBERG by die nasionale kampioenskappe, wat op Bellville ghofbaan en Durbanville ghofbaan gehou was te verteenwoordig. Ek hoop om vanjaar weer te kwalifiseer vir die nasionale kampioenskappe wat einde Maart 2023 te Parys (Vrystaat) gehou sal word.

Ek en Reney beplan om Ierland en Skotland einde Mei tot einde Junie te besoek om vir ons seun, wat in Ierland woon, te gaan kuier, en dan 'n rondte of twee daar te kan gholf speel - dan kan ek dit ook van my "bucket list" aftiek.

Ek sal aanhou gholf speel solank as wat ek dit geniet, totdat my lyf vir my sê dis nou genoeg. Ouderdom is nie 'n rede om op te hou nie, maar gesondheid wel.

Ek wil graag ook van die geleentheid gebruik maak om enige iemand wat sou belangstel om by die Senior Gholfers Koro Creek aan te sluit, uit te nooi om my te kontak.

Groete Coenie. (9\* 177)

## NJALASTRAAT VIER OUJAARSDAG

Op Ouaarsdag het inwoners van Njalastraat die jaar afgesluit met 'n braai en saam kuier. Daar is slaai gemaak, brood gebak en 'n vleisie op die kole gesit. Die kuier het vroeg begin en gelukkig het die weer saamgespeel, sodat daar buite gesit kon word. Hannie het gesorg vir die soet dingetjie na ete, wat altyd 'n treffer is.

Piet en Alette is nie permanente inwoners nie, en gelukkig was hul dié keer daar om saam te kuier. Hoop ons sien hul by al ons kuiers in 2023!

Njalastraat inwoners wens alle Negesterre 'n voorspoedige 2023 toe.



## Stywe lyne

29 November 2022 – daar heers groot opgewondenheid!

'n Hele affère by Negester se hoofhek om 05:00 met sonsopkoms.

Sewe hengelaars is gereed en op pad na nog 'n hengeluitstappie te Suurbergboerdery, rigting Naboomspruit. By een van die vele damme gaan daar vandag gehengel word. Wat 'n pragtige area met 'n lapa en braaigeriewe digby die oewer en netjies gesnyde grasperke tot teen die oewer.

Dan word daar afgepak en hengelaars kies en berei hul visvangareas voor na eie keuse.



Amper 'n ritueel: grondvoer, stokke voorberei, vispenne staanmaak, aas, ingooi en dan die lekker wag. Die vangs was goed en elke hengelaar kon spog met sy eie vis, of twee, of drie...



Wat is gevang? 16 kurpers en 2 babers.

Om die dag af te sluit het ons heerlik saam gebraai en laaaaang stories vertel. Teen twee uur se kant was ons opgepak en op pad terug.

Om 'n dag so in die natuur te spandeer saam met manne wat jou "vistaal praat en -verstaan", is 'n groot bederf.

Ons maak in 2023 beslis weer so!



~Cassie Walker~

## VARS GEDRUK...


**Titel:** Locked on

**Outeurs:** Tom Glancey en Mark Greaney

Die Ryan's – Pa en Seun – moet veg.

Wanneer 'n dodelike terroriste alliansie die potensiaal het om die wêreld se magtigste land af te pers, moet dit gestop word voor dit te laat is. Vir Jack Ryan jnr. wat vir die intelligensie agentskap "The Campus" werk, beteken dit dat hy sy ontleder baadjie sal moet uittrek en operasionele skoene aantrek. Sy pa, Jack Ryan snr., is intussen

besig met sy verkieingsveldtog om herverkies te word as President van die VSA, maar daar is mense wat hard werk om hom te diskrediteer.



Ek neem geen verantwoordelikheid indien jy niks anders gedoen kan kry nie – ek waarsku jou nou, jy gaan die boek nie kan neersit nie.

Tot volgende maand.

Ria

\*\*\*\*\*

## Wie kan ek kontak?

KLINIEK	014-736-3364	014-736-2770
Nood-nommer		072 312 3499
Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore)		014-736-2580
GROEPWERK (Annatjie Moore)	014-736-2580	
Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag)	014-736-2725	

Maak asseblief afsprake		
Maandae – Vrydae	7h30-9h30	Kliniek
Maandae	7h30-9h30	Voetsorg
Dinsdae	7h30-9h30	Haarsorg
Dinsdae	7h30-9h30	Oudioloog (Elke 2de Dinsdag)
Vrydae	Middag	Fisioterapeut

\*\*\*\*\*

## Rocking Horse Kwekery

Wide range of trees, shrubs and succulents

Pop in to see our range

## SCHOEMBIE GARDENS

The lawns are all looking awesome after the toppings.

*Now let us help you sort the beds out.*

Labour is R 100 per hour (team of 3)

Gutter cleaning @ R100.00 per hour

Contact: 064 318 0168 /064 342 3376

GESONDHEIDSORG

## Kleinkinders en hul Oumas

Na die heerlike lang Desember-skoolvakansie is Ouma en Oupa se "vakansiehuis" nou weer opgeruim. Die skole begin en die kleinkinders is oral terug huise toe vir die nuwe skooljaar.

Dan sit ek so en wonder oor die spesiale ouma-kleinkind band ... net soos wat dit weer beleef was gedurende hierdie Kersfeesvakansie.

Al wat ek weet: Oumas hoef nooit bekommerd te wees oor die liefdesband tussen 'n ouma en 'n kleinkind nie. Niks of niemand sal die bewondering vir 'n ouma ooit kan verminder nie.

Wanneer hul klein is, het ouma die liefdevolste arms met die sagste skoot en die grootste hart wat doef-doef klop. Ouma se oë blink en lag altyd. Haar glimlag is vriendelik en nooit kwaai nie.

Ouma maak die lekkerste kos, terte en poedings. Selfs 'n toebroodjie smaak anders wanneer Ouma dit gemaak het. Ouma is ook 'n dokter en pas siek kleinkinders net so mooi op soos die beste, beste hospitaal. Ouma is 'n vertroueling, 'n motiveerde, 'n hulp tydens eksamens en veral die "vakansiehuis" waarheen gegaan word.

Ouma bid ook vir kleinkinders en dit wat sy bid is presies reg en word waar. Alles gebeur altyd soos ouma sê!



Ek is baie lief vir Ouma!

## Kleinkinders en hul oupas

Tydens 'n skoolvakansie met kleinkinders is daar nie sprake van "oudwees" nie. Oupa moet saamspeel, Oupa moet ook slaap saam met my in die "loft" (oe! die knieë). Oupa kruip onder die bed in wanneer ons donkerkamertjie speel, Oupa swaai my soos 'n "vliegtuig" (n stadige een). Oupa sit saam by die swembad al is die water nie diep nie, Oupa, Oupa, Oupa ...

Wanneer Oupa skoon duiselig word van al die ballonne opblaas of "malkoppie" speel met die baba ... dan is die woorde van Georges Courteline baie waar:



"Kleinkinders in die huis verander twee normale mense in twee volslae ..." (Vul maar self diewoordjie in ...)



~Gustav~

"Nobody can do for little children what grandparents do. Grandparents sort of sprinkle stardust over the lives of little children." (Alex Haley)

Rooival 2023



# WYNGILDE JAAR-AFSLUITING

2023 is al sterk aan die gang, mag dit 'n baie voorspoedige jaar vir een en elkeen van julle wees!

Op Woensdag, 30 November 2022, was daar van vroegmiddag af 'n geskarrel by die klubhuis, want die wyngilde se afsluiting was nie die gewone wynproe en elke gesin bring 'n bordjie eetgoed nie, nee, die lede was getrakteer met heerlike borde versnaperings saam met die proe van Red Blend wyne.

Die ongeveer 55 gaste het om 17:30 gearriveer en, soos ouder gewoonte, was die atmosfeer gesellig en lig, want die wyngilde lede hou van kuier. Om 18:00 is die verrigtinge afgeskop met 'n verwelkoming. Derek, voorstitter van die Sosiale Belangsgroep, het 'n paar gevleuelde woorde gespreek, Herklaas het



'n tafelgebed gedoen, waarna die wynproe begin het. Borde beskuitjies, verskillende brode en patees, vrugte, koue vleise en verskillende kase was op die Kersfees-tema tafels uitgepak. Almal het tussen die proe, evaluasie en opinies rondom die verskillende Red Blend wyne wat gebring en toegeplak is sodat 'n mens nie bevooroordeeld is oor die landgoed, prys, ens nie, heerlik geëet en gekuier.

Wat 'n gesellige aand was dit nie! Baie dankie aan die dames (en mans)



jaar gehelp het met die voorbereiding van die saal, maar veral dankie vir julle hulp met die laaste funksie! Dankie ook vir almal wat altyd help om die klubhuis weer netjies te maak na elke funksie.

Vir 2023 is daar reeds 'n paar idees om die sukses van die wyngilde tot groter hoogtes te voer. Dankie aan die lede vir hulle volgehoue entoesiasme en ondersteuning om hierdie funksies 'n hoogtepunt op die kalender te maak. Ons nooi weer nuwe (en ou) inwoners uit om deel te word van hierdie sosiale geleenthede. Daar is jaarliks ongeveer 6 funksies en lediegeld beloop R100-00 per persoon per jaar, betaalbaar teen 31 Maart 2023. Kontak

gerus vir Derek (0832865066) of Alida (0716096705) om julle name op die Wynvriende Whatsapp groep by te sit en kom kuier saam! Inligting oor ons eerste wynkuier word binnekort gekommunikeer.



Wyngroete

Alida

Negester  
KLEIN-KARIBA

Negester is onafhanklik van Munisipale dienste

Negester Klein-Kariba is die ideale plek vir **vyftigplusers** op soek na 'n beveiligde leefstyl-landgoed en 'n droomtuiste in die **Bosveld**.



## FASILITEITE EN VOORDELE

- Veilige en uitstekende beleggingsgeleentheid met ATKV as 'n ontwikkelingsvennoot.
- Pragtige natuurskeen met velop bergfiets, stop en drafroetes.
- Behoerde toegang tot die ATKV se Klein - Kariba - Vakansieoord.
- Klubhuis en sportfasiliteite, boma en ook picknickarea.
- 24/7 sekuriteit met biometriese toegangsbeheer.



Kontak ons nou vir die nuutste plot en plan opsies beskikbaar!

Carin | +27 71 612 9129  
carin@boshoffeiendomme.co.za

Hansie | +27 82 419 4642  
hansie@boshoffeiendomme.co.za

# Voël Van die Maand

Gewone Paradysvink  
Eng: Long-tailed Paradise Whydah  
*Vidua paradisea*

Alhoewel sy naam sê Gewone Paradysvink, is hierdie outjie allesbehalwe gewoon in die broeiseisoen. Die mannetjie in sy broeidrag staan uit as een van ons baie mooi voëls.

Die broeiseisoen piek van Februarie tot Mei en dit is in dié tyd wat die mannetjie sy oordadige stert, van gemiddeld 23 cm lank, groei. Die broeiende mannetjie se bo-dele en kop is swart, met 'n geel agterkraag en pens en 'n kastaiingbruin bors. Die verlengde stertvere is styf, afgeboë en spits af tot 'n punt.

Die nie-broeiende mannetjie, wyfie en onvolwassenes is bo-op grysbruin met 'n naaswit kop wat swart gestreep is. Die voëltjies is 15 cm lank, weeg ongeveer 21 gram en hulle snavels is swart. In die broeiseisoen bly die gewone paradysvink in groot swerms wat snags in bome slaap. Hulle verkies gemengde boswêreld, veral doringveld.

Paradysvinke vreet grootliks grassade op oop stukke grond, soos voetpaadjies, padreserves en naby vekrale en water, en vul hulle dieet aan met insekte soos vlieglarwes, spinnekoppe, termiete en motte.

PARADYSVINK MANNETJIE – Foto Dr Mich Veldman



Mich Veldman



PARADYSVINK – VROULIK

Die Paradysvink is 'n broeiparasiet wat hoofsaaklik die Gewone Melba parasiteer, maar wat dalk ook van die Sysis parasiteer. Die mannetjie paar met

'n paar wyfies en hulle sal dan 'n gesikte nessie uitsoek waar hulle dan hulle eier sal lê. Die jong Paradysvink smeek vir sy kos op dieselfde manier as die jong Melba en hulle oopgesperde bekkies lyk eenders. Die jong Paradysvinkies is effe groter as die jong Melbas. Die jong voëls leer om te roep soos die Klein Melbas.

Bronne geraadpleeg:

[Wikipedia](#)

*Sasol Voëls van Suider-Afrika 5de uitgawe*

*Sappi Birds of South Africa*

*Robert Birds of South Africa*

*LBJ's van Faansie Peacock*

**Jan van Biljon**

Bosveld Voëlklub

## WAARSKUWING!!

Ons sien op die oomblik min Suikerbekkies en aanvaar dat dit maar seisoenaal is en dat daar heelwat natuurlike nektar vir hulle beskikbaar is

### MAAR

Onthou asb. dat kunsmatige versoeters giftig is vir Suikerbekkies. Indien jy 'n waterbottel met suikerwater vir die voëls ophang, gebruik asb **NET gewone WIT SUIKER**.



## KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

AANGEBIED DEUR NSB

# WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 24 jaar na kliënte se belangte omsien.

Ons is kontrakteel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke kliënt se risikoportefeuille te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.



ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSpraak REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274.  
Voeg asb by u boodskap Negester.

### TROTS GEASSOSIEER



Glen Manor Office Park, Building 5, Office 2

138 Frikkie De Beer Street, Menlyn, Pretoria, 0063

Tel: +27 (0)86 184 3572

Epos: Info@nsb.co.za

www.nsb.co.za

Volg ons op Facebook en Twitter

Geregistreerde makelaar van finansiële dienste, FSP nu 16508



## Huis en Troeteldier Oppasser



Gaan op reis met gemoedsrus en die wete dat jy huis kan kom na gelukkige, vesorgde troeteldiere en jou huis presies soos jy dit gelaat het.

- Volwasse, professionele en verantwoordelike dame beskikbaar om te song vir jou huis en/of troeteldiere wanneer jy reis.
- Liefhebber van diere, tuinmaak, en buitelewe.
- Uiters sekuriteitsbewus.
- Diens verskaf (kontak vir pryslys) volgens jou spesifieke behoeftes een of twee "check-in's" per dag, oornag inslaap, of voldag inwoon.



Vir navrae kontak my gerus  
Charman  
082 372 3173  
Benoars van Erf 342 Negester  
Klein-Kariba  
Werksaam by Boshoff  
Eiendomme

## OOGKUNDIGE GEORGE VAN DER HOVEN



Gratis voorskrif  
**sonbril**

Terme en voorwaardes geld

**066 517 2571**

Bela-Bela | Modimolle | Mookgophong

# Wild in Negester

Verskeie wildsoorte kom voor op Negester, onder andere njalas, rooibokke, bosbokke, grysduikers, en klipspringers. Kleiner roofdiere wat op Negester voorkom sluit in tierboskatte, rooikatte, vaalboskatte, gebande muishonde en swartkwasmuishonde. Primate sluit in bobbejane en blouape (ongereelde basis), en nagapies. Vlakvarke en bosvarke kom ook voor. Die Omgewingsbelangegroep sal oor die volgende paar maande kort artikels in Sterrelig plaas wat basiese inligting oor hierdie diere bevat.

## NJALA (*Tragelaphus angasii*)

Die **njala** is 'n wildsbok wat in Suid-Afrika aangetref word. Njalas word hoofsaaklik in die oostelike dele van Suider-Afrika asook in die Krugerwildtuin aangetref. Hul voortbestaan is in 'n stadium bedreig, maar vanweë gewildheid in die jagbedryf is die spesie buite sy natuurlike endemiese gebied versprei, soos die njalas op Negester.

Die njala word ook beskou as die diersoort waar die skeiding tussen bulle/ramme en koeie/ooie plaasvind. Die manlike njala is 'n bul en die vroulike njala 'n ooi. Manlike wildsbokke groter as njalas word bulle genoem en kleiner wildsbokke se mannetjies ramme. Vroulike wildsbokke groter as njalas word koeie genoem en kleiner wildsbokke se wyfies ooie.

### Njala-ooi

Die bul het lang, gedraaide horings wat tot 83 cm lank kan word. Die njala is 'n middelgroot wildsbok en die bul het 'n skouerhoogte van sowat 105 cm en weeg meer as 130 kg. Sy horings is in 'n spiraal gedraai en gemiddeld sowat 75 cm lank, hoewel horings van 83 cm lank ook al aangetref is.



### Njalabul

Die bul het 'n growwe, grysbruin vel met kort manhare langs die bokant van die nek en die ruggraat, en lang friatings aan die onderkant van die nek en pens. Daar is 'n aantal wit dwars strepe oor die flanke en rug en enkele wit vlekke aan die gesig. Die ooi is aansienlik kleiner, het geen horings nie en haar algemene velkleur is rooibruijn. Manhare en die friatings ontbreek ook, terwyl die wit dwarsstrepe baie duideliker sigbaar is as by die ram.

Njalas het nie 'n bepaalde teelseisoen nie maar kan enige tyd van die jaar lam en die ooi is ses maande dragtig, waarna 'n enkele lam gebore word. Njalas het 'n moontlike lewensduur van agt jaar.

Njalas hou in dig beboste gebiede naby water. Hulle vreet hoofsaaklik blare, lote en vrugte en suip gereeld water. Hulle is sosiale diere wat in klein familiegroepe wei, maar alleenloperbolle word soms aangetref.

### Arrie

## SKOPSUILE

Dit is heerlik om weer te kan rondry en te kamp. Ons sien dit aan die kampeerders wat gedurig weg is en iewers kamp en rondry. Daar is 'n neiging onder die Negesterkampeerders om gedurende Februarie die Kaap te besoek. In die winter is dit die Kruger Nasionale Park se beurt. September is weer blommetyd in Namakwaland. Wat 'n wonderlike voorreg is dit nie terwyl ons gesond is om so te kan rondry nie.



Wanneer ons in Negester rondloop of ry is dit opmerklik om te sien hoeveel woonwaens, boswaens en tente daar is. Dit is almal kampeerders wat hou van die buitelig en die sorgvryheid wat daarmee gepaardgaan. Dit is lekker verby. Dit was die hoofrede waarom daar besluit is om 'n kampeergroep te begin wat wil saam kamp en kuier wanneer ons "tyd" het, en ons het tyd. Nodeloos om te sê dat almal nie altyd beskikbaar is vir elke kamp nie.

Hierdie groep probeer om te kamp binne 'n radius van 150 km vanaf Negester. Ons betaal geen ledegeld nie, maar hou so nou en dan 'n fondsinsameling wat ons weer by 'n kamp spandeer. Daar is ook nie 'n program of reëls nie, dus elke persoon is verantwoordelik vir sy eie doen en late. Daar word wel aktiwiteite aangebied waaraan kampeerders kan meedoen, sou hulle wou.

Indien enigiemand saam wil kom kuier en deel van die pret wil wees, kontak Dawid by 0827750260. Die enigste vereiste is: jy moet wil kamp.

**Dawid**

## Spreuke van C.J. Langenhoven...



### Loon:

"Ek was so besig om kans te soek dat ek die geleenthede een vir een laat verbyglip het."

## Uit Grootjie se kombuis...

My wens vir jou, wanneer jy na hierdie "Onthou-jy-nog..." prente kyk is dat jy...

- 'n ongelooflike vreugde ervaar.
- met jou gedagtes ver draaie sal loop.
- nostalgie sal beleef.
- oomblikke van blydskap en dankbaarheid sal voel.
- die klein dingetjies sal geniet.
- sal sê: "Dit was vir my aangenaam...!"



~Gusta~

...Lag ... traan ...

Die redaksie van Sterrelig is bly vir en saam met die inwoners en personeel met wie dit voorspoedig gaan. Ons harte gaan uit na die mense wat tans in nood verkeer.



**OOGKUNDIGE**  
GEORGE VAN DER HOVEN



**Gratis voorskrif  
sonbril**

Terme en voorwaardes geld

**066 517 2571**

Bela-Bela | Modimolle | Mookgophong

## **SOSIALE BELANGEgroep 2022 OORSIG**

- Ek wil graag 'n oorsig gee oor ons aktiwiteite die afgelope jaar. Ek is baie trots op al die groepe binne die Sosialebelange groep. Ons is slegs 3 kermede (Gusta Hoare, Alida Meyer en ekself) wat al die Sosiale aktiwiteite hanteer. Afhangende van die tipe funksie, koöpteer ons ander inwoners om ons behulpsaam te wees.
- Januarie 2022 het afgeskop met die Skopsuile – ons eie kampeerders met karavane of tente. Foto's van hul saamtrekke lyk altyd so gesellig. Dawid Appel is die President van die groep. Tydens 'n kampgeleenthed het 'n skopsuile aanhou roep en vandaar die naam "Skopsuile"
- Februarie 2022 skop die Wyngilde af met 'n Rosé proe-aand. Soos altyd, is hierdie geleenthede baie populêr en word baie goed ondersteun. 'n Tema vir die wynproe-aand word deur Alida Meyer bepaal en, indien moontlik, het ons ook 'n spreker uit eie geledere wat navorsing doen oor die spesifieke wyn en bietjie meer en interessante inligting daaroor gee. Elke lid bring sy of haar eie bottel wyn vir die lede aan hulle tafel om te proe. Die dames sorg vir 'n bordjie eetgoed waaraan gesmul word so tussen die proe deur. Die eetgoed is altyd 'n treffer met uithaler peuselhappies. Alida is die Sameroeper en hanteer die kommunikasie en die ledegeld, Piet van Zyl, Gus, ek en soms 'n paar ander lede help met die voorbereidings.
- In April 2022 was daar weer 'n Pinotage wynproe-aand met net so 'n gesellige kuier en gesmul aan die eetgoed.
- Die Speletjiesgroep het in Mei byeengekom en daar was 14 belangstellendes wat vir 'n paar ure lekker speletjies soos Rummecub, Tri-Ominos, brug en vele ander so saam met 'n koppie tee of koffie gespeel het. Anita Howell het die geleenthed gereël. Ongelukkig het die speletjies ontbind a.g.v. te min belangstelling en niemand om dit te organiseer nie. Daar is 'n klompie mense wat steeds belangstel en graag wil speel, veral brugspelers. 'n Samerooper vir die speletjies word gesoek, so as jy belangstel, kontak my asseblief.
- 'n 9\* Markdag vir slegs 9\* inwoners is gehou op 22 Mei 2022 met 'n groot aantal stalletjies. Stalletjies was verniet en alle inkomste was vir die inwoner se eie sak. Ons inwoners het hul talent kom vertoon en ten spyte van die koue, was dit 'n reuse sukses. Annatjie Ras behartig al ons markdae, wat baie beplanning, persoonlike kontak oproepe, terreinuitleg en vergaderings verg. Manlief Ben ondersteun haar baie en die span werk goed saam.
- Op 1 Junie 2022 is Boplaas die wyngilde se gas met al hul produkte. Dit was weer eens 'n baie gesellige aand en die aankope van hul wyne deur die wynvriende was 'n duidelike bewys daarvan. Ons het weer lekker gesmul aan al die eetgoed en die aand was vir seker 'n hoogtepunt van die jaar.
- In Augustus 2022 woon 53 persone 'n sop-en-sjerrie aand by, gereël deur Alida, wat ook 'n wyngilde aktiwiteit was. Die aand is "geborg" (ledegeld) sover dit die heerlike sop met vars broodjies aangegaan het.
- Gedurende September word 'n Omgewingsbewaring-dag gehou en die Sosialebelangegroep hanteer die tee-, koffie- en koeksisterstalletjie. Hier het Gus, Magdaleen Bonsma en Dalene Oosthuizen al die reëlings getref en feitlik al die voorraad is uitverkoop.
- In Oktober trek die skopsuile weer weg na Dinokeng. As daar na die foto's gekyk word, dan is dit duidelik dat daar baie pret was ... Hulle het gesellig gekuier rondom 'n groot vuur en daar was musiek gemaak deur Lourens. Dankie Dawid vir jul gereelde Sterrelig artikels.
- Op 5 Oktober reëls Alida 'n gin, whiskey, brandewyn en rum aand, aangebied deur CJ Brewery. Dit was weer 'n gesellige aand met die afwisseling van die gewone wynproe aande. Dankie weer eens aan al die dames wat die tafels laat kreun het onder heerlike eetgoed vir ons almal. Dankie ook aan Alida wat seker maak daar verskyn gereeld 'n artikel oor die wyn-aande in die Sterrelig.
- Op 24 November bied ons 'n ongelooflike Kerssangdiens aan wat 'n rekord getal van by die 150 inwoners trek. 'n Aand vol samesang, voorlees en musiekvideos ... om die geboorteverhaal van Christus vir ons weer vars vertel. Dankie aan al die karakters wat die aand opgetree en hulle absolut uitstekend van hul taak gekwyf het. Die komplimente het ingestroom. Baie dankie Gus vir jou leiding, inisiatief, vars idees en die dryf van die projek.

Hartlike dank aan al die Negesterre wat hulle harte oopgemaak het en skenkings van toiletbenodigdhede en /of dierekos gemaak het. Al die skenkings is op 29 November deur Gusta en

myself by Ons Hoop Dienssentrum en Nylstroom Dierekliniek oorhandig. Die Dienssentrum het 'n brief van groot waardering aan al die inwoners gestuur.

- Op 26 November hou ons 'n groot Kersmarkdag met ongeveer 80 stalletjes wat allerlei items verkoop. Na die opening deur Johan van Heerden en die verwelkoming deur Dawie, het die markdag ampelik begin. Ek het al die aankondigings hanteer, tesame met die musiek vir die dag om die regte atmosfeer te skep. Die Negester-dorp wemel van al die mense wat instroom om iets te kom koop, drink of eet. Na afloop van hierdie dag was almal dit eens dat dit 'n reuse sukses was! Dankie aan Ben en Annatjie Ras wat die markdag feitlik alleen gereël het. Soos altyd, was als in plek en dit was 'n gesellige dag. Dankie ook aan al die uitstallers, veral ons eie Negester inwoners, wat hul talente ten toon kom stel het.
- Op 30 November word die laaste wyngilde aand gehou en daar is besluit op 'n "Red blend" vir die wynproe geleenthed. Daar is besluit dat die Sosiale Belangegroep die ete sal borg vir die aand. Alida het ingespring met die reëlings en aankope. 'n Paar lede is gevra om te help met die voorbereiding: Gus, Mari Pretorius, Dalene Oosthuizen en Wilna van Zyl. Dankie ook aan Piet van Zyl wat saam met my en Alida hand bygesit het om tafels en stoele reg te sit. Daar was drie pryse geborg en ons sê dankie aan Gus en Chris Prinsloo wat skenkings gemaak het. Dankie ook aan Ben Ras wat vir ons lig voorsien het tydens die beurtkrag daardie aand.

Laastens, maar beslis nie die minste nie, BAIE dankie aan Suzette van die HEV kantoor wat altyd sorg dat alles in plek en reg is vir ons funksies, regdeur die jaar. Dankie vir jou behulpsaamheid Suzette, ons waardeer dit baie.

Vir ons Lyndans- en Handwerk groepe, asook die Biblioteek wat weekliks en daagliks bestuur word, sê ons ook baie dankie dat julle volhard met die aktiwiteite. Annette Swart is verantwoordelik vir die lyndans, Rita hanteer die handwerkgroep en Mary-Ann behartig die Biblioteek.

'n Voorspoedige 2023 aan al die Negester inwoners. Ek hoop ons sien almal weer en ons wil elke inwoner weer hartlik uitnooi om betrokke te raak by die aktiwiteite wat aangebied word.

Groete.

**DEREK GROBLER**  
(Sosialebelangegroep)

## Ons sê: "Baie dankie!"

Soos reeds in ons Kersuitgawe van Sterrelig 2022 vermeld, het die dankies ingestroom vanaf die twee organisasies, Ons Hoop Dienssentrum en Nylstroom Dierekliniek, aan wie ons die donasies vanaf Negester-inwoners oorhandig het.

Kom ons leef die aanhaling soos aangeteken op die boekmerkies wat uitgedeel is tydens die Kerssangaand.

"Ons het nie almal die geleenthed om groot dade te doen nie, maar ons kan almal klein dade met groot liefde doen". (F de Sales)  
Gee asof elke dag Kersdag is.

Gusta

## Die Waterbergse Dienssentrum vir Bejaardes



2114, Nylstroom,  
Mokolodi, 0510 (014) 717-1401

001-745 NPO

8 Desember 2022

### INSAKE: SKENKING (TOILETWARE EN EETGOED)

Die Bestuur Negester Klein-Kariba

Ons wil u graag namens die Bestuur en inwoners bedank vir die skenking wat ons van u ontvang het. Ons waardeer die goele gebaar en is dankbaar vir u betrokkenheid by Waterberg Dienssentrum.

Dit is 'n voorreg om skenkings van u te ontvang ten einde ons in staat te stel om die Dienssentrum meer doeltreffend te kan bestuur.

Ons kan u verseker dat u ondersteuning en bereidwilligheid om hulp te verleent, hoog op pryse gestel word en dat die inwoners die bedief geniet en baie waardeer.

Vriendelike groete

Me Ellous Hoeneberg  
Bestuurder  
H. Barron  
Briel  
Leonie Ervaan  
et al.

# Boombrokkies

## Die Bome van die Jaar 2023



Witolien in nr 382 se tuin

Die Dept. van Landbou, Bosbou en Visserye, in samewerking met die Dendrologiese Vereniging van Suid-Afrika, kies elke jaar drie "Bome van die Jaar": 'n Algemene Boom, 'n Boom vir Promosie en 'n Boom vir Waardering. Die Algemene Boom het altyd 'n wye verspreiding en kan maklik gekweek word. Die Boom vir Promosie is gewoonlik nie so volop nie, maar tog nie ongewoon nie. Die Boom vir Waardering is 'n boom met 'n beperkte verspreiding en 'n baie spesifieke habitat.

**Die Algemene Boom** in 2023 is die **witolienhout**, false olive of olive sagewood (*Buddleja saligna*). Dit is 'n immergroen struik of klein boom met lang, smal, grysgroen blare. Die bome lyk baie soos 'n gewone olienhout, maar hulle dra geurige trosse wit blomme wat 'n menigte insekte soos bye en skoenlappers lok. Die hout is swaar en donkerbruin. Die bome word maklik van saad en steggies gekweek. Die wortelstelsel is nie aggressief nie en die plant kan swaar gesnoei word en so goeie heinings maak. Dit is dus ideale bome vir kleiner tuintjies.

**Die Boom vir Promosie** is vanjaar die **vanwykshout**, tree wisteria (*Bolusanthus speciosus*). In die natuur kom hulle noord van ons voor. Dis 'n klein, bladwisselende, gewoonlik meerstammige boom. Vroegsomer is hierdie bome 'n pragtige

prentjie wanneer dit oortrek is met los, neerhangende trosse pers blomme. Die hout is mooi en duursaam, terwyl die bas vir medisyne gebruik word. Dit word maklik van saad gekweek en dis ideaal vir kleiner tuine. Die bome kan selfs in potte geplant word.

**Die Boom van Waardering** is die **silwerboom**, silver-tree (*Leucadendron argenteum*) wat slegs in die bergagtige fynbos van die Kaapse skiereiland groei. Dis 'n klein boom met pragtige sy-agtige silwergrys blare.

Soos op die foto's gesien kan word, het die Negesterre al heelwat van hierdie bome aangeplant. Dit behoort een van die dae 'n pragtige vertoning te maak.

Leonora



Vanwykshout in ons Arboretum



# ONS WINKEL BELA BELA



## Baie dankie

vir jou skenking aan Ons Winkel en vir die verskil wat jy  
in ons gemeenskap maak! Vriendelike groete!



**Besoek gerus Ons Winkel Bela-Bela by Luna Straat 6**  
**Kontak Hélène by 082 891 9098 vir meer inligting.**



Deel ook jóú "memories" met die inwoners.



"Memories" vasgevang in 'n foto vir eendag se onthou ...

**Deur my Ne9ester kameralens**

# KOM NEEM DEEL

## Blokraaisel

DWARS



?


- 1 Waar Stille Nag die eerste keer gesing is?
- 3 "Die grootste geskenk is 'n stukkie van \_\_\_\_\_?" (R.W. Emerson)
- 7 Huis en Troeteldier Oppasser?
- 9 Kos ingesamel vir Nylstroom  
\_\_\_\_\_?

AF



- 2 \_\_\_\_\_?
- 4 Watter engel het Maria die nuus meegedeel dat sy swanger gaan word met Jesus?
- 5 Uit watse tak is die houtbeeldjie gekerf?
- 8 Elisabeth Eybers?
- 10 Jaargang?

Neem 'n foto van die voltooide blokraai en Whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnummer by te voeg.



## SPORT/ONTSPANNING

Tyd	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
06:00 – 06:45					Manne biduur
07:00 – 9:00	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei
7:30 – 8:30	Water aërobies			Water aërobies	
08:00 – 9:00		Pilates			Pilates
10:00 – 11:00			Lyndans		
14:00 – 16:00		Handwerk			
15:00 – 17:00		Tafeltennis		Tafeltennis	

**Sameroepers:** Laat weet asb. vir Sterrelig indien tye van aktiwiteite verander.



# Slangstories

## Gestreepte Grasslang of Skaapsteker.

(*Psammophylax tritaeniatus tritaeniatus*)

Teenwoordig in Negester leefstyl landgoed.

'n Spesie van die nie-giftige slange endemies tot Suid-Afrika.

### Interessante inligting:

Identifikasie: Kleiner, minder aktiewe slang. Vlug vinnig vir skuiling. Klein kop, gepunte neus, klein ogies (met ronde pupil). Beweeg slegs in die dag. Lengte vanaf 65cm tot 93cm.

Grys/grysbruin/bruin aan die bokant. Drie goed gedefinieerde swart/ bruin bande oor die lengte van die lyf en stert. Die middelste band is die smalste, met 'n gelerige lyn in die middel. Die laterale bande begin weerskante van die kop, agter die neusgate aan die kante van die lyf, onder die donker band. Die lippe en die onderkant van die lyf is wit tot liggeel. Maklik herkenbaar deur 'n ry helder oranje/rooi kolle weerskante van die maag en stert.



Voedsel: Knaagdiere, byvoorbeeld rotte en muise, baba voëltjies, paddas, akkedisse.

Voortplanting: Lē tussen 5-18 eiers in die somermaande.

Leeftyd: Moeilik om te bepaal. Gemiddeld 5-10 jaar.

Skadeloos teen mens en dier. Gif is neurotoxie. Het bykans geen gevaaarlike effek nie.

Aangetref: Wye verspreiding: Vrystaat, Gauteng, Noord-Wes, Limpopo, Zimbabwe, dele van Botswana en Noord-Oos Namibië.

Gunsteling habitat: graslande, vleilande, Karoobossies.

Sei gemaklik op teen voorwerpe, bv. huismure, waar hul kos jag in spasies/openinge tussen mure/plafonne.

(Bronne geraadpleeg)

Bron: "A field guide to the snakes of South Africa".

Nature Lover's Library: VFM FitzSimons.

-Gusta-

## Taalgoeters

### Onderwys gee en skool hou.

Anders as in Afrikaans het Engels 'n probleem met die onderwys. Onderwys, opvoeding en opvoedkunde (die akademiese vakgebied) is in Engels almal Education, terwyl ons in Afrikaans kan onderskei tussen onderwys, opvoeding, onderrig en opvoedkunde. So praat die SAUK in Afrikaans van hulle afdeling of program van opvoedkunde, maar dit kan nie, want die uitsaaiers is nie 'n universiteit nie. Tog is daar mense wat in Afrikaans ook kleitrap: hulle praat van skool gee en nie van skool hou nie. Skool hou, is 'n vaste uitdrukking waar sekere woorde altyd bymekaar gebruik word, soos op stuk van sake, en per slot van rekening.

IETS ANDERS: Die afkorting R.I.P. wat soms op grafstene geskryf staan, beteken rest in peace, maar kom oorspronklik uit Latyn: requiescat in pace. Ook/om iets met vers en kapittel te bewys, beteken om iets met inhoud (vers (inhoud) en kapittel (opskrif.) te bewys. Verseq om iets te doen: weier om iets te doen. Verseg uit Nederlands is weier.

Ten slotte: nog 'n keer: op soek (ek soek na, ek wil dit graag bekom) is twee woorde, los van mekaar.

Groete

Henk Kruger

## KREEPY KRAULY



Swembadeienaars — iets wat ek ook was by ons vorige huis voor ons die voorreg gesmaak het om na Negester te kon verhuis en ek daai verantwoordelikheid met groot tevredenheid en rustigheid kon agterlaat — sal weet dat 'weersomstandighede' dit somtyds nogals 'n stryd kan maak om 'n swembad skoon en helder te hou.

Ek onthou soos gister hoe ek — nadat die wind een aand weer erg gewaai het — die volgende dag besig was om ons swembad te 'verlos' van al die gemors wat daarin gewaai en veroorsaak het dat ons Kreepy Krauly uiteindelik tot stilstand gedwing is. Terwyl ek so aan die een kant met die skepnet besig was om al die 'blokkasie obstruksies' op die oppervlak en die bodem van die swembad te verwijder, en aan die ander kant met ons Jack Russeltjie gestoei het wat die skepnet telkens as 'n 'onwelijke indringer' geïdentifiseer het wat aangeval en verskeur moes word as ek dit net naby die kant bring, begin die Here stelselmatig vir my 'n 'prentjie' oopbrek ...

Probleme met 'n swembad ontstaan tipies op die oppervlak, en deur die blare en gemors wat die swembad 'besoedel' vroegtydig van die oppervlak af te skep, verhoed jy dat dit uiteindelik dieper afsak, op die bodem beland, die Kreepy Krauly verstop en die swembad — wat 'n plesier en 'n lus vir die oog moet wees — in 'n onooglike ertjiesopmengsel verander.

En dis wat so maklik ook in 'n mens se lewe gebeur ... ék 'laat toe' dat die 'aardse dinge' en die 'klein sondetjies' op die oppervlak van my lewe kom 'val', my onversteurd 'uitdaag en beïnvloed', en uiteindelik al hoe dieper begin 'afsak' ... my wese besoedel, die werking van die Heilige Gees in my lewe tot stilstand dwing en stryd, onsekerheid, hartseer, ens. veroorsaak.

En die uiteinde daarvan?

Toewyding om God in opregtheid en met oorgawe te dien en in geloof te vertrou begin toenemend afneem en – gee ek nie doelbewus daaraan aandag nie – word my verhouding en intimiteit met Hom nie net 'besoedel' nie, maar my geloof terselfdertyd stelselmatig afgewater en op die spel geplaas!

'n Ertjiesop lewe vernietig uiteindelik die intimiteit van my verhouding met my Hemelse Vader en steel my vrede en my blydschap, iets wat ten alle koste vermy moet word. Hoe wonderlik dat 1 Johannes 1:9 ons leer ... *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtegtigheid te reinig.*

Om die swembadprentjie dan klaar te maak ...

'n Kreepy Krauly is 'n fantastiese stukkie toerusting, maar om doeltreffend te kan werk en 'n swembad skoon te hou ...

- Moet die pyplyn waarmee dit met die swembadpomp verbind word, héél wees én by die suigpunt van die swembadpomp ingeprop bly;
- Moet ongewenste 'rommel' wat in die swembad beland, betyds verwijder word om te verhoed dat dit deur die Kreepy ingesuig word en dit uiteindelik tot stilstand dwing.

Net so, vir 'n persoonlike en intieme verhouding met Jesus ...

- Moet ek by Hóm 'ingeprop' bly ... en die vrug van die Gees — liefde, blydschap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouwheid, sagmoedigheid, selfbeheersing (Gal 5:22) — sal in my lewe daarvan getuig;
- Moet ek seker maak om nie 'dinge' in my lewe toe te laat, of daarby betrokke raak, wat my verhouding met Hom saboteer en uiteindelik tot stilstand probeer dwing nie.

Hier, aan die begin van 2023, wil ek jou net kom aanspoor om jou lewe onvoorwaardelik aan God oor te gee ... toe te laat dat Hy deur Sy Heilige Gees elke aspek van jou lewe sal beheer en gebruik sodat Sý krag en liefde in en déur jou ten toon gestel sal word aan diegene met wie jy elke dag in aanraking kom.

Mag jy in die nuwe jaar – elke keer as jy 'n swembad sien of daarby verbystap of verby ry – telkens opnuut aan hierdie swembad prentjie herinner word en aan hoe belangrik en kosbaar die Heilige Gees se teenwoordigheid en werking in jou lewe is ... dat jy ál die obstruksies en omstandighede in jou lewe wat Sý werking en krag in jou lewe negatief beïnvloed, sal bely en dit sal afê in die Naam van Jesus!

Mag 2023 vir elke Negester inwoner 'n ware feesjaar wees!

Groetnis Pierre Jordaan

## Het jy geweet...?

### Knoffel en Uie

Daar kom sowat 70 soorte knoffel in Palestina voor.

Knoffel en uie was reeds voor die tyd van Moses in Egipte goed bekend. Knoffel is moontlik van Asiatiese oorsprong, terwyl uie wild groei. Knoffel was geskik vir ontwurming, terwyl uie geskik en gewild was in kos van die antieke volke.



Knoffel in Hebreeus – shūmīnem.

Verwysing: Numeri 11:5 "Ons onthou nog die vis wat ons in Egipte kon eet, ook die komkommers, waatlemoene, preie, uie en knoffel."

(Erkenning: Bybelse Omgewing: L Smith en J Botha)

~Gusta~

### Markdag



Met groot afwagting en beplanning het ons Negester mense weer reggemaak vir ons Markdag 2022.

Daar was stalletjies om van te kies en te keur. Dit was 'n lekker sonskyn dag, alhoewel ons almal asem opgehou het vir die moontlikheid van reën.

Bale dankie aan elke Negester inwoner wat hierdie dag moontlik gemaak het.

Bale dankie aan die Jukskei spelers en al die voete wat jul lok na ons markdag.

Die dag was gevul met heerlike musiek en eetgoed en die kunsstalletjies was weereens 'n wenner.

Met hierdie positiwiteit het ons weer die sosialegroegroefonds 'n hupstootjie gegee.

Markdag Groete.

Annatjie





## Ne9ester Klein-Kariba Komitees



### SORGDIENSTE

Direkteur: Volle direksie  
Sameroeper: Annatjie Moore

### FINANSIES

Direkteur: Johan van Heerden  
Sameroeper: Chris Schoeman

### OMGEWING

Direkteur: Johan van Heerden  
Sameroeper: André Greyling

### NOOD & SEKURITEIT

Direkteur: Chris Heyman  
Sameroeper: Ben Meyer

### ESTETIES

Direkteur: Johann Marx  
Sameroeper: Dawie van Niekerk

### INSTANDHOUDING

Direkteur: Johann Marx  
Samerooper: Dawie van Niekerk



## Ne9ester Klein-Kariba Belangegroepe



### ONDERSTEUNING: LIEF EN LEED

Sameroeper: Vakant  
KANSA: Nellie Buitendag  
Geestelike ondersteuning: Herklaas Viljoen

### MANNE BYBELSTUDIE

Samerooper: Johan Nel

### SOSIAAL

Samerooper: Derek Grobler  
Lyndans: Annette Swart  
Biblioteek: Mary-Ann Venter  
Handwerk: Rita Coetzee  
Markdag: Annatjie Ras  
Kampeer (Skopsuile): Dawid Appel  
Wyngilde: Alida Meyer

### SPORT

Direkteur: Johan van Heerden  
Samerooper: Vakant  
Fietsry: Stephanie de Haas  
Tennis: Wilna van Zyl  
Rolbal: Leon Raath  
Ghofl: Coenie Louw  
Jukskei: Hannes du Plessis  
Putt-Putt: Chris Rademan  
Tafeltennis: Piet van Zyl  
Pilates: Trish Fitzpatrick  
Biokinetika: Hannie Schoeman  
Visvang: Cassie Walkers  
Wateraerobics: Charlotte Burger

### KOMMUNIKASIE

**STERRELIK:**  
Redakteur: Ria Fourie  
Bemarking & Finansies: Nellie Buitendag  
Webblad: Angus Hughes



*Die Bosveld op sy beste!*



BELANGSTELLENDES WORD UITGENOOI OM DEEL TE WORD VAN DIE ONDERSKEIE GROEPPERINGS WAAR DAAR VAKATURES IS. KONTAK ASB DIE BETROKKIE DIREKTEUR OF SAMEROOPER.